**Jesus is die lig vir die wêreld (OP223)**

**Joh 7:53-8:30**

**8 Junie 2025**

Laasweek het ons uit die geredekawel tydens die loofhuttefees baie geleer oor wie die Here Jesus is. Ons het geleer dat Hy die Christus is. Nie net is Hy die ware Hoëpriester nie, Hy is ook die Opperkoning aan wie alle gesag behoort. Hy het van die Vader gekom met 'n opdrag van die Vader. Hy ken die Vader en is gehoorsaam aan die opdragte van Sy Vader. Hy is nie maar net 'n mens en Maria se seun nie – nee, Hy is God se Seun, Hy is self God. Hy sal die opdragte van Sy Vader uitvoer op die deur-God-bepaalde-uur. En daarna sal Hy na Sy Vader terugkeer in die hemel. Daar sal Hy onaantasbaar wees vir Sy vyande – enersyds omdat Hy hulle oorwin het, andersyds omdat Hy dan alle mag sal besit. Dan sal Hy ook Sy Heilige Gees stuur, wat in gelowiges die ewige lewe sal bewerk, en wat ook deur gelowiges die evangelie tot aan die einde van die aarde sal verkondig. Hy sal dit alles suksesvol bereik. Ons het ook geleer dat die Here God absoluut in beheer is van hoe die Here Jesus Sy werk gaan uitvoer. Dit alles gaan plaasvind in die loop van wêreldgebeure hier op aarde.

Vandag wil ek stilstaan by Joh 7:53-8:30. As jy deur die gedeelte lees, kom jy vinnig agter dat daar eers 'n beskrywing is van die insident rondom die owerspelige vrou, en daarna gaan die debat tussen die Jode en die Here Jesus voort.

Jy sal ook oplet dat daar waarskynlik in die Bybel wat jy gebruik 'n aantekening of voetnota is wat sê dat Joh 7:53-8:11, d.w.s. die gedeelte wat handel oor die owerspelige vrou, nie deel is van die oudste manuskripte van die Nuwe Testament nie. Dit lyk of hierdie gedeelte eers later ingevoeg is. Dit is boonop ook so dat nie alle manuskripte wat wel hierdie gedeelte bevat, dit op dieselfde plek ingevoeg het nie: Sommiges het dit op ander plekke in die Johannes-evangelie ingevoeg, terwyl daar ook manuskripte is wat dit as deel van die Lukas-evangelie ingesluit het. Die gedeelte begin deur te beskryf dat almal huis toe gegaan het, dat die Here Jesus na die Olyfberg gegaan het, en toe weer die volgende dag na die tempel gekom het waar die insident rakende die owerspelige vrou plaasgevind het. En dan vanaf Joh 8:12 is daar weer 'n debat tussen die Here Jesus en die Jode en hulle leiers – en baie van die onderwerpe wat aangeraak het is soortgelyk aan die onderwerpe wat ons laasweek na gekyk het in Joh 7. Dit lyk dus of Joh 8:12 ev 'n voortsetting is van die Joh 7 debat, en asof Joh 7:53-8:11 nie chronologies hier inpas nie. Ek is nie 'n tekskritikus nie, maar my indruk is dat meeste kommentatore stem saam hierdie gedeelte is later ingevoeg, en is nie chronologies op die regte plek nie. Dit is egter ook my indruk dat die meeste kommentatore saamstem dit is 'n gebeurtenis wat werklik plaasgevind het, en dit lyk vir my die gedeelte is hier ingevoeg omdat dit tematies 'n sinvolle bydrae maak tot die debat tussen die Here Jesus en die Jode. Dit is hoe ek dit nou wil hanteer.

Ek wil Joh 7:53-8:30 onder drie punte bespreek: (1) Die owerspelige vrou (Joh 7:53-8:11), (2) "Ek is die lig vir die wêreld" (Joh 8:12), en (3) "As julle nie glo dat Ek Is nie, sal julle in julle sondes sterf" (Joh 8:24).

<u>Die owerspelige vrou (Joh 7:53-8:11)</u>

Soos ons nou al opgelet het, het hierdie insident by die tempel plaasgevind, waar die Here Jesus weereens besig was om die volk te leer. Lees verse 3-5. Die skrifkenners en die Fariseërs bring toe 'n vrou nader. Hierdie vrou was skuldig aan owerspel – sy is op heterdaad betrap – ons moet dus aflei dat daar geen kwessie oor was of sy skuldig was of nie – sy was skuldig. Die vraag van die Joodse leiers aan die Here Jesus was wat haar straf behoort te wees vir haar owerspel. Hulle redeneer dat

die wet van Moses vereis dat sulke vroue gestenig moet word. Inderdaad lees ons in Deut 22:22-24 dat beide die man en vrou wat skuldig is aan owerspel doodgemaak moet word, en indien die vrou ‘n maagd was, moet beide die man en die vrou gestenig word.

Op die oog af lyk dit na ‘n eenvoudige vraag. Lees vers 6a. Dit blyk egter dat die leiers bybedoelings gehad het met hulle vraag. Hulle was nie soseer geïnteresseerd in wat die regte straf sou wees vir haar daad nie, nee, hulle was meer geïnteresseerd in die Here Jesus se antwoord, hopende dat dit hulle kan help om gronde te vind sodat hulle Hom kon aankla. Die dilemma waarin hulle die Here Jesus geplaas het, was die volgende: Die wet van Moses het inderdaad die doodstraf voorgeskryf. Maar op daardie stadium in die geskiedenis was dit nie algemeen toegepas nie. Boonop was dit net die Romeinse regering wat die doodstraf aan iemand kon oplê. Sien jy die dilemma waarin hulle die Here Jesus wou plaas? As Hy sou antwoord sy moet gestenig word, sou Hy optree teen die algemene praktyk van die dag, en veral teen die Romeinse regering van die dag. As Hy sou antwoord sy moet nie gestenig word nie, sou Hy optree teen die wet van Moses. Hulle het geredeneer in beide gevalle sou hulle gronde kon kry om Hom aan te kla.

Maar hier was ‘n selfs nog dieper dilemma vir die Here Jesus waarvan die Joodse leiers totaal en al onbewus was: Sy Vader is heilig en regverdig – siende dat die vrou skuldig is aan owerspel eis die heiligheid en regverdigheid van Sy Vader dat sy moet sterf. Maar, Sy Vader is ook genadig en vol liefde – selfs al is die vrou skuldig, kan die genade en liefde van die Vader eis dat sy gespaar moet word. Wat tel die swaarste? Die tipiese gebruike van die dag? Die wet van Moses? Die opinie van die Romeinse regering? Die heiligheid en regverdigheid van Sy Vader? Of die genade en liefde van Sy Vader?

Lees verse 6b-7. Die Here Jesus doen niks. Hy buk af en skryf op die grond. Toe die leiers egter herhaalde male vir Hom vra, kom Hy regop en antwoord: “Laat die een wat sonder sonde is, eerste ‘n klip na haar gooi.” Lees verse 8-9. Toe buk Hy weer af en skryf op die grond. En al die leiers begin weggaan, eers die oudste, en met verloop van tyd hulle almal. Op die ou end is net die Here Jesus en die vrou oor. Hoekom het die leiers weggegaan? Hulle moes sekerlik raakgesien het dat Hy hulle harte ontbloot het: Hulle het onder die voorwendsel gekom om te leer hoe die wet reg toegepas moes word, so al asof hulle besorgd was daaroor dat die sonde van owerspel regtens aangespreek moet word. Maar dit was vals. Hulle was nie besorgd daaroor dat die sonde aangespreek moes word nie – hulle was besorgd oor hoe hulle van Hom ontslae kon raak. Hulle was skynheilig en wou die situasie vir eie gewin uitbuit. En dit is ‘n gruwel voor God, dit is sonde, selfs erger as owerspel. Die Here Jesus het hulle skynheiligheid ontbloot deur hulle uit te daag, dat die een wat nie sonde het nie, die eerste klip moet gooi. Hulle moes erken hulle het sonde. En nou gaan hulle eerder weg.

Lees verse 10-11. Die Here Jesus het weer regop gekom en vir die vrou gevra: “Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?” Sy het geantwoord: “Niemand nie, meneer.” Waarop die Here Jesus antwoord: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie.”

Die vraag is natuurlik hoe moet ons hierdie uitspraak van die Here Jesus verstaan? Beteken die feit dat Hy die vrou laat weggaan het, dat Hy haar optrede goedgekeur het? Het Hy haar owerspel sondermeer goedgekeur? Of dalk net geïgnoreer? Nee, Hy het aan haar gesê dat dit sonde is, en dat sy haar daarvan moet bekeer. Ons kan sê die Here Jesus het geoordeel: haar owerspel is sonde en moet ophou. Maar het die Here Jesus haar veroordeel? Nee, Hy het gesê Hy veroordeel haar nie – ons sien God se genade en liefde aan die werk. Maar bots dit nie met wat die wet van Moses eis nie? Bots dit nie met die eis van God se heiligheid en regverdigheid dat owerspel met die dood gestraf moet word nie?

Mark Johnston beskryf dit so treffend. Hy sê sien die volgende prentjie raak: 'n Vrou wat definitief skuldig is aan owerspel. 'n Vrou wat definitief die dood verdien. Hierdie vrou staan voor die Seun van God. Hy is heilig en regverdig. Sy verdien die dood. Maar wat sy ervaar is dat Hy sê: "Ek veroordeel jou nie. Gaan, en moet nie meer sondig nie." Sy ervaar Sy liefde en genade. Maar let op: dis net die vrou wat dit ervaar t.s.v. haar sonde. Die leiers ervaar dit nie – hulle is reeds weg. Hierdie prentjie is die werklikheid van ons elkeen: Ons is almal skuldig. Ons verdien almal die dood. God se heiligheid en regverdigheid eis dit. Ons moet almal voor die Seun van God verskyn. Maar sommiges hoor: "Ek veroordeel jou nie. Gaan, en moenie meer sondig nie." Sommiges ervaar Sy liefde en genade. Maar nie almal nie.

Maar wat nou van God se regverdigheid en heiligheid? Ly dit nie nou skade nie? Wel, 'n paar maande later sou die Here Jesus self in die beskuldigde bank staan. Weliswaar sou Hy nie skuldig wees deur Sy eie sonde nie. Maar Hy sou daar staan, selfs onskuldig, maar met die skuld van hierdie owerspelige vrou, en ook met die skuld van almal wat die Vader aan Hom gee. Hy sou voor Sy heilige en regverdige Vader staan. En die Vader sou nie vir Hom sê: "Ek veroordeel Jou nie". Nee, die Vader sou Hom verlaat, Hy sou selfs moes sterf. En Hy het dit deurgaan, sodat Hy vir die vrou en vir die wat die Vader Hom gee, kan sê: "Ek veroordeel jou nie. Gaan, en moenie meer sondig nie."

Die owerspelige vrou se daad is deur die Here Jesus geoordeel as sonde. Maar die owerspelige vrou is nie veroordeel nie – nee, haar veroordeling is uitgestel totdat die Here Jesus in haar plek veroordeel is. So word die eise van God se heiligheid, regverdigheid, genade en liefde almal bevredig. Dit is die wysheid van God. En dit alles word bewerk deur die Seun. As ons gelowiges is, en ons staan voor die Seun van die Mens is Sy boodskap aan ons ook: "Ek veroordeel jou nie" – want Hy is reeds in ons plek geoordeel. Maar, let op: Hy sê ook: "Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." Ons word nie net geregverdig nie, ons moet ook heilig gemaak word.

<u>"Ek is die lig vir die wêreld" (Joh 8:12)</u>

Lees vers 12. Soos ons vroeër gesê het, keer ons nou weer terug na die debat tussen die Here Jesus en die Jode tydens die loofhuttefees. Maar ons as lesers van die Johannes-evangelie het hierdie gebeure rondom die owerspelige vrou nou in ons gedagtes, en dit help ons om te verstaan wat nou verder in hierdie debat gebeur.

Onthou nou die realiteit van die situasie: Ons het in ons bestudering van Joh 7 geleer van hoe verward die Jode was – 'n verskeidenheid van opinies oor wie die Here Jesus is. Ons het geleer hoe min die Jode van die Here Jesus se lering verstaan het. Ons het ook geleer hoe die Here Jesus juis aan die Joodse leiers uitgewys het dat hulle nie regverdig kan oordeel nie, hulle oordeel maar net op die oog af (Joh 7:24). En by dit alles, is ons sopas in die vorige gedeelte hier in Joh 8 herinner aan beide die skynheiligheid van die leiers, asook die sonde wat onder die lede van die volk voorgekom het. Al met al moet ons die gevolgtrekking maak: die situasie is maar hopeloos. Almal is deurmekaar. Sonde kom voor. En die leiers wat die leiding moet gee, is skelm en skynheilig, selfs sondig en kan nie behoorlik oordeel nie. En dit alles is waar van die uitverkore volk van God, die volk wat toegang gehad het tot God se openbaring deur die loop van die Ou Testament. Dit is voorwaar 'n donker prentjie.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Here Jesus in vers 12 sê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar die lig van die lewe hê." Dit klop tog met die ervaring van die owerspelige vrou: Sy het geweet sy is skuldig. Sy het geweet dat sy die doodstraf verdien. Boonop was sy die speelbal van die Joodse leiers waarmee hulle Jesus wou uitvang. Haar

situasie was donker. Maar dan breek die lig deur as die Here Jesus sê: "Ek veroordeel jou nie." Skielik is daar lig in die donker, skielik is daar hoop. Hy is die Een wat vir haar lig gee.

Maar lig was ook 'n groot fokus gedurende die loofhuttefees. Onthou tydens die fees het die volk ook teruggedink aan hoe die Here hulle deur die woestyn gelei het. Uit Eks 13:21-22 weet ons dat die Here destyds die volk gelei het deur die wolkkolom bedags en die vuurkolom wat snags lig gegee het. Wel, tydens die loofhuttefees het hulle hieraan teruggedink deur die aansteek van lampe by die tempel. En nou, aan die einde van die fees, sê die Here Jesus Hy is die Lig. Verseker is die bedoeling dat Hy daarmee vir die volk wil sê dit is ook Hy wat destyds die volk deur die woestyn gelei het.

Trouens, die tema van lig loop ook regdeur die Bybel. Dit begin in Gen 1:2 waar ons lees dat nadat God die hemel en die aarde gemaak het, was dit donker op die aarde. Maar toe het God op die eerste skeppingsdag lig geskep (Gen 1:3). Die gevolg hiervan was dat daar voortaan lig en donker op die aarde was – dag en nag. Onthou die Here Jesus is die Een deur wie God geskep het – Hy was dus ook die bron van daardie lig. Deur die loop van die Bybel is daar telkens aanduidings dat daar stryd is tussen die lig en die donker. Lig word 'n simbool van die Here en Sy werk, terwyl donker simbool word van die bose en sy werk. Sedert die sondeval is daar stryd tussen die lig en die duister. Maar telkens leer ons dat die Here lig gee. Kan ek maar na twee Psalms verwys:

- Ps 27:1 – "Die Here is my lig en my redding – vir wie sal ek vrees?"
- Ps 119:105 – "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my lewenspad". Onthou die Here Jesus is die Woord – Hy is dus die lamp vir ons voet en die lig vir ons lewenspad.

In Joh 1:4-5 het ons al die volgende oor die Woord, d.w.s. die Here Jesus, gelees: "In Hom was lewe, en die lewe was die lig vir die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie." Op die ou end triomfeer die lig oor die duisternis: In Op 21:23-24 lees ons die volgende van die nuwe Jerusalem: "Ook het die stad nie die son en die maan nodig om haar te verlig nie, want die heerlikheid van God het haar verlig, en die Lam is haar lamp. En die nasies sal leef in haar lig, en die konings van die aarde sal hulle heerlikheid na haar toe bring." Op 22:5 voeg by: "Daar sal ook nie meer nag wees nie. Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son sal nie meer bestaan nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle vir ewig en ewig as konings sal heers."

Die punt van die Here Jesus in vers 12 is dat Hy hierdie lig is wat in Gen 1 al die donker begin verdryf, en wat op die ou end alle duisternis sal verdryf. Maar let goed op na wat die Here Jesus sê: Hy is die lig vir die wêreld – Hy is nie net die lig vir die Jode nie, maar vir die wêreld. Dit sluit natuurlik aan by wat ons laasweek gesien het dat die evangelie wêreldwyd versprei moes word. Die Here Jesus is dus lig vir mense van alle herkomste. Maar die Here Jesus sê nog meer: Hy is die lig vir die wêreld – maar nie vir almal nie: Dit is net diegene wat Hom volg wat nie die duisternis sal beleef nie, maar wat wel die lig van die lewe sal hê. Dink terug aan die owerspelige vrou insident: Dit was net vir haar wat die Here Jesus gesê het Hy veroordeel haar nie. Hy het dit nie vir die Joodse leiers gesê nie – teen daardie tyd was hulle al weg, hulle was nog in die duisternis. Sy lig is beskikbaar vir almal in die wêreld, maar jy moet Hom volg om deel te kan kry aan Sy lig.

In die res van die gedeelte wat ons vandag hanteer, leer ons nou wie dit is wat wel deel kry aan die lig en wie nie. In verse 13-18 redeneer die Fariseërs opnuut met die Here Jesus. Weereens beskuldig hulle Hom daarvan dat Sy getuienis nie geloofwaardig is nie, want Hy getuig oor Homself. Weereens wys die Here Jesus hulle daarop dat Sy eie getuienis eintlik in beginsel voldoende is – siende dat Hy geloofwaardig is en daarom is selfgetuienis voldoende. Maar, om aan hulle vereiste van ten minste twee getuies te voldoen, wys Hy hulle weer daarop dat die Vader ook saam met Hom getuig. Ons het al verskeie kere hierby stilgestaan – ek hanteer dit nie weer in detail nie. In vers 19 wil hulle dan

weet waar is die Here Jesus se Vader. En Hy wys hulle weereens daarop hulle ken Hom nie, en ook nie Sy Vader nie.

<u>"As julle nie glo dat Ek Is nie, sal julle in julle sondes sterf" (Joh 8:24)</u>

Lees verse 21-22. In hierdie verse sê die Here Jesus weer dat Hy weggaan, en dat hulle nie kan kom waar Hy heengaan nie. Hy het in Joh 7:33-34 ook alreeds gesê dat Hy weggaan. Daar het hulle gedink dit beteken dat Hy na die Jode in verstrooiing en die Grieke sou gaan. Hier in Joh 8 dink hulle egter dit beteken dat Hy Homself gaan doodmaak – en daarom kan hulle nie kom waar Hy is nie. Weereens is dit ironies dat daar 'n mate van waarheid gesteek het in wat hulle gedink het: Hy het weggegaan nie deur selfmoord te pleeg nie, maar Hy het Sy lewe gewillig afgelê, wat aanleiding gegee het dat Hy weggegaan het. Let daarop dat die Here Jesus in vers 21 spesifiek sê hulle gaan in hulle sonde sterf.

Lees vers 23. Die Here Jesus maak 'n onderskeid tussen Hom en die Jode: Hy is van daarbo – m.a.w. Hy is van die hemel. Dit is waar Hy vandaan kom, en dit is ook waarheen Hy sou gaan wanneer Hy weggaan. Die Jode is egter van hier benede – hulle is m.a.w. van hierdie wêreld. Lees vers 24. Hier maak die Here Jesus die volgende belangrike stelling: Omdat die Jode van hierdie wêreld is, sal hulle in hulle sonde sterf as hulle nie glo dat Hy Is nie. Alhoewel die Here Jesus die lig vir die wêreld is, volg hulle Hom nie, en daarom is hulle nog in die duisternis. Hier in vers 24 maak die Here Jesus dit nog duideliker wat dit beteken om Hom te volg: Hulle moet glo dat Hy Is. As hulle dit nie glo nie, sal hulle sterf in hulle sonde, en dan kan hulle nie kom na waar Hy heengaan nie, d.w.s. dan kan hulle nie hemel toe gaan nie.

Let mooi op wat die Here Jesus sê wat hulle moet glo: "Julle moet glo dat Ek Is". Wat beteken dit?

- Ten minste beteken dit hulle moet glo Jesus is, m.a.w. die Here Jesus bestaan. Wel, dit is seker voor die handliggend – immers is Hy in hulle midde en praat met hulle. Duidelik is Hy. Duidelik bestaan Hy.
- Maar dit beteken baie meer. Dink aan wat Jesus sopas in vers 12 gesê het: Hy is die lig vir die wêreld. As hulle glo "Hy Is", dan beteken dit onder ander dat hulle moet glo Hy is die lig vir die wêreld. Hulle sal dit moet glo en dus na die lig toe moet kom. Netso, dink aan wat ons in Joh 6:48 geleer het: Hy is die brood van die lewe. Hulle sal dit moet glo en kom om van Sy liggaam te eet en Sy bloed te drink. En daar volg natuurlik nog verskeie "Ek Is"-uitsprake in Johannes. Hulle sal dit alles moet glo van die Here Jesus.
- Dink verder aan Ou Testamentiese profesieë soos Jes 43:25 waar ons lees: "Ek, ja, Ek is die Een wat ter wille van Myself jou oortredings telkens uitgewis het, jou sondes nie in herinnering geroep het nie." Hulle sal moet glo die Here Jesus is die Een deur wie die Here oortredings uitwis.
- Dink aan Eks 3:14 waar die Here uit die brandende doringbos aan Moses gesê het Hy is "Ek Is". Die Here is Wie Hy Is. Die Here is dus "Ek Is". En nou leer die Here Jesus Hy is ook "Ek Is". Wat die Jode sal moet glo is dat Hy God is.

Lees vers 25a. Natuurlik begryp die Jode nie wat Hy bedoel nie. Al wat hulle kan vra, is "Wie is U?" Lees vers 25b-26. Die Here Jesus wys hulle daarop dat Hy is wat Hy van die begin af aan hulle geleer het. Nie net kan hulle teruggaan op al Sy lering tydens die loofhuttefees nie, nie net kan hulle teruggaan op al Sy lering sedert die begin van Sy openbare optrede nie, nee, boonop sou hulle ook kon teruggaan na die Ou Testament waar die Here oor baie eeue op verskeie maniere baie geleer het oor die komende Christus. Hulle kan vergelyk wat die Here daar geopenbaar het, met wat Hy

hulle geleer het en hulle self oortuig van wie Hy is. Maar hulle is so traag – en die Here Jesus oordeel Hy sou hulle kon oordeel oor hierdie traagheid om te leer.

Lees verse 28-29. Die Here Jesus het hulle daarop gewys dat hulle sal moet glo Hy is Ek is, anders sal hulle in hulle sondes sterf. Hy het hulle ook daarop gewys Hy het hulle dit al van die begin af geleer. Maar hulle snap eenvoudig nie. Nou wys die Here Jesus hulle daarop dat daar iets gaan gebeur wat hulle wel sal laat begryp dat Hy Is, dat Hy "Ek Is" is. Die gebeurtenis wat hierdie begrip by hulle sal tuisbring, is wanneer hulle Hom verhoog het. Natuurlik bedoel Hy met Sy verhoging, Sy verhoging aan die kruis. Natuurlik was dit juis die Jode wat daarop aangedring het dat Hy gekruisig moet word. Natuurlik het hulle tot op daardie oomblik steeds nie begryp wie Hy werklik is nie – hulle het toe steeds nie begryp Hy is "Ek Is" nie. Maar, sê die Here Jesus, wanneer hulle Hom verhoog het aan die kruis – dan sal hulle begryp Hy is "Ek Is". Dan sal hulle begryp dat Hy nie uit Sy eie opgetree het nie, maar in lyn met Sy Vader se wil. Dan sal hulle begryp dat Hy en die Vader saamwerk en dat Hy aan die kruis gedoen het wat vir Sy Vader aanneemlik is.

Wat is dit aangaande die kruisiging wat selfs die Jode sou laat begryp het Hy is "Ek Is"?

- Tydens Sy verhoor voor Sy kruisiging het die Here Jesus op aandrang van die hoëpriester openlik erken Hy is die Christus wat sal gaan sit aan die regterhand van die Vader (Mat 26:63-64). Niemand moet meer wonder of Hy die Christus is of nie. Die Jode het dit gehoor.
- Al het Hy baie tekens gedoen tydens Sy lewe hier op aarde, al was Hy deur die Joodse leiers uitgedaag om Homself te red deur van die kruis af te kom, het Hy dit nie gedoen nie – want Hy was daar met 'n doel, 'n doel wat in lyn was met wat die Vader wou dat Hy moes kom doen. Die Jode het dit gesien.
- Dit was terwyl Hy aan die kruis was, dat daar drie ure van duisternis oor die hele aarde toegesak het. Dit was toe wat Hy uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Dit was toe wat Hy die prys betaal het vir daardie owerspelige vrou se sonde, en ook vir die sondes van almal wat Hom volg. Die Jode het die duisternis beleef.
- Maar toe word dit lig, en Hy roep uit: "Dit is volbring". Nou is Hy die lig vir die wêreld. En die grafte gaan oop, en dooies staan op uit die dood. En dit word duidelik: Wie Hom volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê (v12). Die Jode het die lig na die duisternis beleef, en die opstanding van dooies gesien – hulle het gesien Hy is die lig van die lewe.
- Dit was toe Hy sterf, dat die Romeinse centurio aan die voet van die kruis nie anders kon nie as om uit te roep: "Hy was werklik Seun van God". Die Jode het gehoor hoe selfs 'n Romein verstaan het Hy is die Seun van God.
- En terwyl Hy in die graf was, was dit die Joodse leiers wat gevra het die graf moes bewaak word, want hulle was bekommerd Hy sou opstaan. Dit was hulle wat op die ou end vir die wagte geld aangebied het om die leuen te versprei dat Sy dissipels Hom gesteel het. Hulle het geweet Hy het opgestaan. Hulle het geweet Hy leef – hulle het geweet Hy Is.

Die tragedie is natuurlik al het hulle dit geweet, het hulle, of ten minste van hulle, dit nie geglo nie. En die gevolg is dat hulle in hulle sondes gesterf het – t.s.v. oortuigende getuienis oor wie die Here Jesus is. Ja, selfs t.s.v. die feit dat die Here Jesus tydens die insident met die owerspelige vrou aan hulle hulle sonde uitgewys het, ja, selfs t.s.v. die feit dat hulle hulle sonde erken het deur nie die vrou te stenig nie, maar eerder net weg te gaan, was hulle nie bereid om na Hom te kom en Hom te volg nie.

Weereens is dit duidelik dat die Vader iemand vir die Here Jesus moet gee, die Vader sal iemand moet trek, die Heilige Gees sal iemand moet wederbaar, die Heilige Gees en die Seun sal iemand

moet onderrig – alleen dan sal die persoon na die Here kom, Hom volg en glo Hy is “Ek Is”. Wat egter ook waar is, so ‘n persoon sal dan uit die duisternis oorgaan na die lig, hy sal oorgaan na die lewe. Selfs nou in hierdie lewe sal die Here Jesus die persoon nie veroordeel nie. Ja, die Here Jesus sal die persoon aanmoedig om nie meer te sondig nie. Hy sal oordeel oor die sondes in Sy lewe en Hy sal deur die Heilige Gees die persoon aanmoedig om nie meer te sondig nie. Selfs eendag in die finale oordeel sal die Here die persoon nie veroordeel nie. En die rede hiervoor is eenvoudig omdat die Here Jesus gedurende daardie drie ure van duisternis aan die kruis die oordeel van die heilige en regverdige Vader oor die persoon se sondes gedra het, en daarom mag die persoon die liefde en genade van die Vader en die Seun beleef: “Ons veroordeel jou nie”. Ontvang die ewige lewe as deel van die nuwe Jerusalem waar daar geen nag of duisternis sal wees nie, want die Lam is die lamp.